word. In dit alles moet almal as mense gerespekteer word, en die eie lewe ook êrens tot sy reg kom.

Inwoning in die afdeling vir verswakte bejaardes kos tans ± R3,650 per maand. Mnr R Spitzner verwys na die **Johanniter Hilfswerk** se betrokkenheid by die v ersorging van seniore en stel inligting beskikbaar.

VERSLAG OOR JEUGWERK

Die SKW Jeugkoördineerder, **Martin Büttner**, het in sy verslag verwys na die drie kampe wat sedert Desember 2001 gehou is, insluitende die "sendingreis" na Oos-Londen in Julie 2002. In 'n aparte aanbieding het hy gepraat oor Avontuurkampe vir Kinders. Doelstellings is: Om kinders met die evangelie te bereik en by die kerk te betrek; om hulle selfbeeld te versterk en persoonlike probleme aan te spreek; om spanwerk te ontwikkel en liefde vir die natuur by hulle aan te kweek. Die volgende metodes word gebruik: Bybelstudie en aanbidding; gepaste tema en aktiwiteite; geestelike leierskap (bv. 18 leiers vir 55 kinders), opvolgwerk onder nuwe kinders; die kweek van nuwe, konstruktiewe vriendskappe; gemeenskapslewe gedurende die kamp; kinders help om hulle talente te ontdek.

Tydens bespreking is verwys na die afname van ouerlike deelname en ondersteuning. 'n Versoek is gerig om kampe in Afrikaans/ Engels, asook kampe vir ouer jeugdiges en gekombineerde kampe met die Oos-Kaap jeug. Daar is gepleit dat jeugwerk nie tot vakansies beperk moet word nie. Die bestuur van die SKW is gevra om te besin oor hoe die jeugwerk voltyds gelei kan word.

SKW VERGADERING

Die vergadering het in die aantreklike vergrote sitkamer plaasgevind onder leiding van **Mnr Willie Schultz**, SKW-voorsitter. Dit is bygewoon deur 35 stemgeregtigte lede asook vier lede van die Kerkbestuur en Mnr E Grieb, SKO-voorsitter. Die 13 verslae op die sakelys kon grotendeels as gelese beskou word en die bespreking daarvan is spoedig afgehandel. Die gasvryheid en verversings aangebied deur die Heim, is deur almal geniet. Die voorsitter het 'n tjek van R5,000 aan die SJH oorhandig as 'n laat "verjaardaggeskenk".

Inligting geneem uit notule,opgestel deur Pastor Peter Molchin

P.S. Pastor Plüddemann will continue to be involved with the Heim as honorary Chairman of the Home Committee, and will be responsible for the administration of St. Johannis Gardens in a part-time capacity.